

René Marais

Pablo Neruda: Twenty Love Poems and A Song of Despair

"Tog moet ons insien dat die poësie nog vóór die druk- en skryfkuus op ons aarde bestaan het. Daardeur weet ons dat die poësie soos brood is vir die mens en onder almal verdeel moet word."

P.N.

Hy word beskou as een van die grootste digters in die Spaanse én in die wêreldliteratuur. Ricardo Neftali Reyes Basoalto is op 12 Junie 1904 in Chili gebore. Sedert 1920 ken die wêreld hom as Pablo Neruda, 'n naam wat hy in 1946 wettig aanneem.

Die politiek was onlosmaaklik verweef met Neruda se (latere) lewe en poësie: vanaf 1927 is hy konsul in plekke soos Rangoen, Colombo, Batavië, Buenos Aires, Barcelona en Madrid, en die politiek vind neerslag in al sy skryfwerk. Hy tel digters soos Federico Garcia Lorca, Miguel Hernandez en Miguel Angelo Asturias onder sy vriende.

Die Spaanse burgeroorlog en Lorca se fusillering oefen ingrypende invloed op Neruda uit. In 1945 word hy lid van die Kommunistiese Party van Chili, en skryf ook sy meesterwerk, *The Heights of Machu Picchu*. Gabriel Gonzalez kom in 1946 aan bewind, maar begin in 1947 om die Kommuniste te vervolg. Vir meer as 'n jaar lank is Neruda voortvlugtig, tot gevangenisstraf veroordeel vanweë "verraad teenoor die vaderland". Gedurende dié jaar skryf hy die *Canto general*, en verlaat Chili. In 1950 deel hy die Wêreldprys vir Vrede met Pablo Picasso en Paul Robeson. Twee jaar later word sy vonnis nietig verklaar in Chili; hy keer terug en ontvang in 1953 die Stalin-prys vir Vrede. Die Nobel-prys vir Letterkunde word in 1971 aan Neruda toegeken.

Op 24 September 1973 sterf Neruda tydens die militêre oornam van Salvador Allende se bewind, en plundersers rig onherstelbare skade aan sy waardevolle persoonlike besittings aan.

Neruda was maar twintig jaar oud toe sy bundel *Twenty Love Poems and A Song of Despair* verskyn het, en mens staan verbaas oor die rypheid, geïntegreerdheid en vervlegting van motiewe wat reeds hierin voorkom:

White bee, you buzz in my soul, drunk with honey,
and your flight winds in slow spirals of smoke.

I am the one without hope, the word without echoes,
he who lost everything and he who had everything.

Last hawser, in you creaks my last longing.
In my barren land you are the final rose.

(*Twenty love Poems*: VIII: "White Bee")

Die liefde en die droefheid, die vrou, die natuur en die woord is motiewe wat deurlopend in die bundel voorkom en op mekaar inwerk. Dit blyk reeds uit die titel dat die liefdes- en droefheids-motiewe voorop gestel word, soos ook duidelik is in die aanhaling hierbo.

Die vrou word verhef tot 'n magiese wese wat die droefheid kan besweer: "you are the final rose", of "To survive myself I forged you like a weapon" (I: "Body of a Woman") Die vrou en die natuur word met mekaar vervleg — Neruda, seun wat grootgeword het in die ryk natuur van Chili met sy rotse, sand, bome, moerasse en vulkane kan van die vrou sê:

"Dark butterfly, sweet and definitive
like the wheat-field and the sun, the poppy and the water."

(XIX: "Girl Lithe and Tawny")

Die droefheid voltrek hom as leitmotiv in die bundel. Die eerste gedig vertel van die vrou se stem, "slow and sad", en stel reeds 'n wanhoopslied in die vooruitsig in die woorde: "Dark river-beds where the eternal thirst flows and weariness follows, and the infinite ache."

(I: "Body of a Woman")

Elke gedig in die bundel bevat 'n verwysing na droefheid of treurigheid, selfs al is dit 'n verskuilde verwysing soos in die versreëls "Ah your mysterious voice that love tolls and darkens in the resonant and dying evening!"

(III: "Ah Vastness of Pines")

Die skryfdaad vind plaas vanweë die noodsaaklikheid vir woorde, en word deur die liefde vir die vrou geïnisiëer. Sy woorde is

"Stories to tell you on the shore of evening,
sad and gentle doll, so that you should not be sad."

(XIII: "I Have Gone Marking")

Die liefdesverhouding groei:
"But my words become stained with your love.
You occupy everything, you occupy everything."

(V: "So That You Will Hear Me")

Dit bereik 'n hoogtepunt in "Every Day You Play" (XIV), as die digter sê:

"I want
to do with you what spring does with the cherry trees";
en in "Here I Love You" (XVIII):
"Here I love you and the horizon hides you in vain"

Die situasie begin egter in dieselfde gedig reeds omkeer as hy sê: "I love what I do not have You are so far."

In "Girl Lithe and Tawny" (XIX) verloor hy kontak met die vrou: "Girl lithe and tawny, nothing draws me towards you."

En in die daaropvolgende gedig kulmineer dit en gaan oor in die skryfdaad: "Tonight I Can Write" (XX). Dit blyk duidelik dat die skryfdaad regstreeks verband hou met die verhouding tussen die digter en die vrou:

"To hear the immense night, still more immense without her.
And the verse falls to the soul like dew to the pasture."

Hierna volg "The Song of Despair", die digter se wanhoopslied oor sy verlore beminde; 'n wanhoopslied ongeag die feit dat hy deur haar tot die skryfdaad gekom het:

"Oh flesh, my own flesh, woman whom I loved and lost,
I summon you in the moist hour, I raise my song to you . . .

This was my destiny and in it was the voyage of my longing,
and in it my longing fell, in you everything sank! . . .

It is the hour of departure. Oh abandoned one!"

Die ondertone van hierdie Lied van Wanhoop se melodie het reeds in die eerste gedig opgeklank en 'n refrein geword in al twintig liefdesgedigte, om sy slotakkoorde te vind in die "Song of Despair". Sodoende is bogenoemde temas deur die jong Neruda georkestreer in 'n simfonie van woorde wat opklank oor die liefde en oor die verlore geliefde.

(Die *Veinte poemas de amor y una canción desesperada* (1924) is deur W.S. Merwin vertaal as *Twenty Love Poems and A Song of Despair*, London: Jonathan Cape, 1978.)